higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

21 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE VIR EKSAMINATORS

1. Eksaminators word daaraan herinner dat die vak Publieke Administrasie homself leen tot breë interpretasie en dus ’n wye reeks antwoorde.

2. Die nasienriglyn dien as ’n riglyn vir merkers/eksaminators en is nie in sement gegiet of voorskrywend nie.

3. Die antwoorde wat in hierdie memorandum verskaf word, is dus nie volledig nie en eksaminators/merkers word versoek om hul diskresie te gebruik tydens die merkwerk. Die antwoorde wat deur die studente gegee word, moet binne die konteks van hulle (die studente) lewenservarings beoordeel word.

4. Die inhoud moet gemerk word en nie die grammatika nie.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 B
2.2 H
2.3 D
2.4 E
2.5 J
2.6 G
2.7 F
2.8 C
2.9 A
2.10 I

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Die openbare beskermer ontvang en ondersoek klagtes van die publiek oor regering of staatsagentskappe of amptenare.
Ondersoek enige onbehoorlike gedrag in staatsaangeleenthede of publieke administrasie op enige regeringsvlak (wanadministrasie, magsmisbruik, skending van menseregte, oneerlikheid).
Moet verslag aan die publiek doen oor daardie gedrag.
Mag nie enige hofbeslissing ondersoek nie.

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

3.1.2
- Keur konsepwette goed
- Verwys konsepwette terug vir oorweging
- Belê kabinetsvergaderings
- Stel kommissies van ondersoek en ambassadeurs aan
- Verwys geskille wat in die Parlement mag voorkom na die konstitusionele hof of ander toepaslike instelling
- Aanstelling en erkenning van diplomatieke beamptes
- Onderhandeling en ondertekening van internasionale ooreenkomste
- Proklamering van referendums
- Kwytskelding van oortreders
- Aanstelling van adjunkpresident en kabinetslede
- Afdanking van adjunkpresident en ministers
- Bestuur van die kabinet
- Formulering en uitvoering van die nasionale regering se beleid
- Toekenning van funksies aan uitvoerende adjunkpresident

(Enige toepaslike 6 × 2) (12)

3.2 3.2.1
- Dit is die hoogste wet en elke persoon, regeringsinstelling en die President moet die beginsels van die Grondwet navolg.
- Niemand is bo die wet nie, nie eers die President nie.
- Geen diskriminering en elke burger moet gelyk behandel word, ongeag geslag, ras, geloof, kultuur.
- Bevat ’n Handves van Regte wat verseker dat mense se regte en vryheid gewaarborg word.

(Enige toepaslike 1 × 2) (2)

Kopiereg voorbehou

3.2.2
- Genees die verdeling van die verlede en skep ’n samelewing wat gebaseer is op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en basiese menseregte.
- Lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waar regering op die wil van die mense berus en elke burger op gelyke wyse deur die wet beskerm word.
- Verbeter die lewensgehalte van alle burgers en stel die potensiaal van alle mense vry.
- Die Grondwet geniet voorrang bo die Parlement
- Die Grondwet waarborg gelyke regte vir alle burgers van die RSA.
- Die Grondwet bevat ’n Handves van Regte wat die verhouding tussen staat en burger reguleer.
- Maak voorsiening vir die totstandkoming van ’n regering van nasionale eenheid.
- Die voormalige vier provinsies is met nege provinsies vervang wat elk sy eie provinsiale regering gekry het.
- Dit verskans verskeie belange van die gemeenskap, byvoorbeeld, ’n verkiesingstelsel van proporsionele verteenwoordiging, ens.
- Bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat haar regmatige plek as ’n soewereine staat in die familie van nasies kan inneem.

(Enige toepaslike 6 × 2) (12)

3.2.3 Pas die wet toe maar kan nie wette uitvaardig of uitvoerende aktiwiteite bestuur nie. **(**Enige toepaslike 1 × 2) (2)

3.2.4
- Wat die status, magte en funksies van nasionale of provinsiale liggame is wanneer daar geskille tussen hulle is.
- Of ’n konsepwet voor die Parlement of ’n provinsiale wetgewer grondwetlik is
- Of ’n parlementswet of ’n provinsiale wet grondwetlik is.
- Of wysigings aan die Grondwet grondwetlik is
- Of ’n ander hof korrek was in sy bevinding dat die President se gedrag ongrondwetlik is.
- Of die werking van die Parlement grondwetlik is.
- Of ’n provinsiale grondwet of wysigings aan ’n provinsiale grondwet grondwetlik is

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Sentraal
- Nasionale vlak van regering

(Enige toepaslike 1 × 2) (2)

4.1.2

- Ministers verskyn in die Parlement om vrae oor aktiwiteite in sy/haar departement te beantwoord
- Noodsaaklik dat hulle goed ingelig is oor die uitvoerende en administratiewe aktiwiteite van hul departement om vrae in die Parlement te kan beantwoord

(Enige toepaslike 2 × 2) (4)

4.1.3

- Funksioneer as ’n kabinetslid
- Funksioneer as politieke ampsdraer
- Funksioneer as leier van die regerende politieke party

(Enige toepaslike 3 × 1) (3)

4.1.4

- Ongerehabiliteerde insolvent
- Geestelike versteuring
- Gevonnis tot tronkstraf van meer as ’n jaar sonder die opsie van ’n boete
- ’n Persoon sal lidmaatskap verloor as hulle sonder toestemming vir ’n lang tydperk afwesig is
- Enigeen wat skuldig bevind is aan ’n oortreding en wat tot tronkstraf van langer as 12 maande gevonnis is sonder die opsie van ’n boete, óf in die Republiek óf daarbuite.
- Permanente afgevaardigdes na die NRVP, of lede van ’n provinsiale wetgewer of munisipale raad
- Enigeen wat in diens van die staat is en wat vergoeding ontvang vir daardie aanstelling of diens (President, adjunkpresident, ministers, adjunkministers kan lede word)

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

4.1.5

- Moet ’n Suid-Afrikaanse burger wees
- 18 jaar en ouer
- Geregistreer om te stem
- Moet ’n wettige stemdokument hê (ID)
- ’n Permanente inwoner van die land
- ’n Persoon wat ’n burger se kind is – voor die aanvang van die nuwe Grondwet – en wat die land binnegekom het met die doel om ’n permanente inwoner te word
- ’n Persoon wat sedert 31 Desember 1978 in die land is
- Nie ’n Suid-Afrikaner nie maar die reg om te stem is deur die Parlement aan hom/haar toegeken
- Nie onderhewig aan enige diskwalifikasies wat in die wet vervat is nie

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.1.6
- Bevolking
- Individue
- Belang- en druksgroepe
- Wetgewende instansies
- Politiese uitvoerende instansies
- Kabinet-Sekretariaat
- Sentrale direktief, navorsing en koördinerende instansies
- Inligtingskommissie
- Internasionale instansies
- Amptenare
- Koerant en media

(Enige toepaslike 6 × 1) (6)

4.2 4.2.1
- Raad bestaan uit voorsitter en 19 verteenwoordigers.
- Raad en voorsitter word verkies deur ’n kieskollege wat saamgestel is uit lede van die Huis van Tradisionele Leiers van die verskillende provinsies.

(Enige toepaslike 2 × 2) (4)

4.2.2
- Om die nasionale regering van raad te bedien en aanbevelings te maak ten opsigte van enige saak wat betrekking het op tradisionele owerhede, inheemse wette en gewoontes
- Om die President van raad te bedien aangaande sake van nasionale belang
- Die raad het die mag om parlementêre wetsontwerpe ten opsigte van tradisionele behoeftes te vertraag.
- Hulle is die verteenwoordigende liggaam vir tradisionele leiers in die Parlement

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Die Grondwet erken plaaslike regering as ’n sfeer van regering
- Word dikwels die hoeksteen van demokrasie genoem en vorm daarom ’n sterk struktuur waarop die samelewing gebou word
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleid op plaaslike vlak toegepas word.
- Regering naaste aan die mense om hul behoeftes te verstaan.
- Om demokratiese en verantwoordbare regering vir plaaslike gemeenskappe te verskaf
- Om die verskaffing van dienste aan gemeenskappe te verseker
- Om sosiale en ekonomiese ontwikkeling te bevorder
- Om ’n veilige en gesonde omgewing vir gemeenskappe te bevorder
- Om die betrokkenheid van gemeenskappe in plaaslike regeringsake aan te moedig

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

5.1.2
- Burgemeester
- Onderburgemeester
- Raadslede

(Enige toepaslike 3 × 1) (3)

5.1.3
- Die munisipale raad maak bywette op voorwaarde dat dit in ooreenstemming met nasionale of provinsiale wetgewing is.
- Skryf prosedures voor vir die heffing en insameling van tariewe en belasting
- Skryf voor hoe munisipale inkomste op die nodige diensverskaffing bestee sal word om die welstand van alle burgers in stand te hou.
- Sien toe dat die nasionale en provinsiale beleid op plaaslike vlak toegepas word.
- Munisipaliteite het die reg om hul eie inisiatief te gebruik ten opsigte van regering maar is onderworpe aan nasionale en provinsiale wetgewing en die Grondwet-staatskorporasie
- Die munisipaliteit maak bywette aangaande verskeie sake. Hierdie sake sluit byvoorbeeld in: toerisme, vullisverwydering, gesondheidsdienste, stormwaterdreinering en baie ander.
- ’n Munisipale raad kan op sy eie werksmetode besluit met die stigting van komitees, alhoewel besluite deur die volwaardige raad geneem moet word.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

5.1.4
- Identiteitsdokument word geskandeer en nagegaan
- Kieserslys word nagegaan en jou besonderhede word deurgehaal
- Die basis van jou regterduimnael word nagegaan vir onsigbare ink
- ’n Druppel ink word op die basis van die duimnael geplaas
- Kieser ontvang twee stembriewe: vir nasionale vergadering (NV) en provinsiale vergadering
- Kieser merk die party van sy/haar keuse in die stemhokkie
- Kieser plaas NV-stembrief in die nasionale stembus
- Kieser plaas die provinsiale stembrief in die provinsiale stembus
- Kieser verlaat stemstasie

(Enige toepaslike 10 × 1) (10)

5.2
- Om uitvoerende raadslede aan te stel of af te dank
- Om uitvoerende vergaderings te belê
- Om provinsiale wetsontwerpe goed te keur en te onderteken
- Om 'n wetsontwerp na die provinsiale wetgewer te verwys vir verdere oorweging
- Om 'n wetsontwerp na die konstitusionele hof te verwys vir 'n besluit oor die wetsontwerp se grondwetlikheid
- Om kommissies van ondersoek aan te stel
- Om die provinsiale grondwet goed te keur
- Om provinsiale wetgewing te implimenteer
- Om nasionale wetgewing te implimenteer
- Om die provinsie te administreer
- Om provinsiale beleid te ontwikkel en implimenteer
- Om die provinsiale wetgewer op te roep vir 'n buitengewone vergadering om dringende sake aan te spreek
- Om die provinsiale wetgewer te ontbind en 'n verkiesing uit te roep ná 'n mosie van wantroue in die uitvoerende raad deur die wetgewer goedgekeur is.
- Om 'n referendum vir die provinsie uit te roep
- Om die provinsiale administrasie en sy departemente te koördineer
- Om mag en funksies aan die uitvoerende raad toe te ken
- Om lede van die uitvoerende raad te ontslaan of aan te stel

(Enige toepaslike 7 × 1) (7)

[40]

VRAAG 6

6.1 6.1.1
- Beleidmaking
- Organisering
- Finansiering
- Personeelvoorsiening en -benutting
- Bepaling van werksmetodes en -prosedure
- Beheer (Enige toepaslike 6 × 1) (6)

6.1.2
- Amptenare is ondergeskik aan die politieke owerheid en kan slegs aktiwiteite uitvoer met die magtiging van die politieke owerheid.
- Amptenare is in die openbaar aanspreeklik vir alle dade en misdade.
- Fondse wat van die publiek verkry word, moet met die grootste verantwoordelikheid geadministreer word
- Alle administratiewe aktiwiteite moet voldoen aan die vereistes van die wet en geregtigheid
- Waardes van die gemeenskap, geloof en kultuur moet in die uitvoering van staatsbeleid gerespekteer word
- Staatsamptenare en politieke ampsdraers moet hoë etiese standaarde en norme behou en moet streef na eerlikheid en doeltreffendheid in hul aktiwiteite

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

6.1.3
- Die kind se eerste kontak met welsynsdienste is binne die familie waar die bejaarde, die sieke en hulpelose kinders versorg word.
- Die familie is die kind se eerste kontak met die beskermingstelsel waar die familie sy/haar lede en eiendom beskerm.
- Die familie dien as eerste statussimbool omdat hy/sy aan ’n groep met ’n kulturele en sosiale agtergrond behoort.
- Die kind sal nie alleen ouerlike versorging, hulp, ondersteuning en emosionele sekuriteit ontvang nie, maar ook vaardighede om in die gemeenskap om te gaan.
- Die kind leer om interpersoonlike verhoudings te ontwikkel wat sal bepaal of die wêreld vriendelik of vyandig is.
- Die ouer stel ’n kind bekend aan ’n verskeidenheid groepe in sy/haar omgewing en aan die eienskappe van elk van hierdie groepe.
- Die kind word geleer om lief te wees vir sy/haar medemens, om sy/haar persoonlike behoeftes op te offer tot voordeel van die groep.
- Die kind word bekendgestel aan sosiale beperkings soos aanvaarbare gedragsnorme, verdraagsaamheidsperke ten opsigte van wat reg en verkeerd is, morele standaarde, gesindheid.
- Families berei hom/haar voor om sy/haar verantwoordelikhede in die gemeenskap te aanvaar.

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

6.2 6.2.1
- Bestaan uit 30–100 lede
- Verkies op ’n proporsionele basis in ’n algemene verkiesing
- Die premier is die hoof van die provinsie en die provinsiale wetgewer
- Ampstermyn is VYF jaar

(Enige toepaslike 4 × 2) (8)

6.2.2
- Landbou
- Kulturele aangeleenthede
- Opvoeding, uitgesluit universiteite van tegnologie en universiteite
- Gesondheidsdienste
- Behuising
- Taalbeleid
- Polisie en beskermingsdienste
- Openbare vervoer
- Toerisme
- Plaaslike regering
- Bespreek en aanvaar wetsontwerpe
- Dobbelary (behalwe loterye)
- Omgewing
- Openbare werke
- Streeksbeplanning en -ontwikkeling
- Toerisme
- Tradisionele leiers
- Stedelike en landelike ontwikkeling

(Enige toepaslike 4 × 2) (8)

6.3 6.3.1

- Die tussentydse grondwet het voorsiening gemaak vir die vestiging van ’n regering van nasionale eenheid vir Suid-Afrika gedurende die formele transformasieproses.
- Die tussentydse grondwet was die oppergesag tydens die transformasieproses totdat die nuwe en finale Grondwet aanvaar is. (Enige toepaslike 1 × 2) (2)

6.3.2

- Een van die huise van die Parlement
- Word gevind op nasionale vlak en is deel van die Wetgewer (Enige toepaslike 1 × 2) (2)

6.3.3 ’n Stukkie wetgewing wat nie deur die Parlement aanvaar is of wat nog nie in werking getree het nie (Enige toepaslike 1 × 2) (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou